## HOOP VIR KINDERS SKOLEBEDIENING

# PETRUSBURG FASILITEERDER WERKSWINKEL

## Donderdag 05 tot Sondag 08 DESEMBER 2019

Donderdag 18:00-21:00, Vrydag 09:00–16:00, Saterdag 09.00-16.00, Sondag 11.00-16.00,
Ma: 09:00-16:00
Plek: NG KERKSAAL, PETRUSBURG

## EE SA: HOOP VIR KINDERS SKOLEBEDIENING

**HOOP VIR KINDERS** bemagtig kinderbedieningsleiers, kategete, onderwysers en ouers vir implimentering van ’n dinamiese uitkomsgebasseerde proses van evangelisasietoerusting van laerskoolkinders as deel van ’n gesonde gemeenskaps-kinderbediening. Ons doel is om elke laerskoolkind te bedien sodat hy/sy: 1. Die evangelie kinderlik eenvoudig verstaan, 2. In ’n egte geloofsverhouding met God sal leef en 3. ’n Vrymoedige en waardige getuie van die Ewige Lewe, in Jesus Christus sal wees.

**HOOP VIR KINDERS** word wêreldwyd bedien. Gedurende 2018 is 15 955 kinders en in 2019 reeds 12 684 kinders in **Suid-Afrika** (in skole en ander instansies) deur hierdie bediening toegerus, met benutting van die gratis studie- en handwerkmateriaal. Vir gebruik en implementering van die proses is die toerusting en akkreditasie van volwassenes by ’n Leierskap-werkswinkel ’n vereiste. Die toerusing duur ongeveer 25 ure en sluit fundamentele Bybelse lering asook praktiese in-diens-opleiding met kinders in.

### Kurrikulum

Die **Hoop vir Kinders** toerustingsproses fokus op die 9-12 jarige kind en bestaan uit 12 leereenhede wat oor ’n tydperk van ses maande tot ’n jaar in die skool aangebied kan word. Elke kind ontvang ’n gratis kleurvolle **Aktiwiteitsboek** wat die praktiese evangeliese leerproses begelei met illustrasies, pretaktiwiteite en handwerkprojekte. Die uitkoms fokus op die kind se sekerheid van die ewige lewe, ’n vrymoedige lewenswyse-getuienis daaroor en ’n evangeliese lewensoriëntering as gesonde geestelike basis. Bykomende ouderdomspesifieke lesreekse en paslike geestelike groeimateriaal kan vanuit hierdie fasiliteringstoerusting gebruik en bedien word. Sommige van hierdie bykomende lesmateriaal is gratis beskikbaar nadat die basiese Leierskap toerusting vir **Hoop vir Kinders** deurloop is.

### Uitnodiging om as fasiliteerder toegerus te word

**Hoop vir Kinders Skolebediening** werk as ‘n vennootskap tussen die skool/kerk en ouergemeenskap ter wille van die bou van ’n gesonde geestelike en morele basis in die breë skoolgemeenskap. U word uitgenooi om biddend te oorweeg om die toerusting as fasiliteerder te deurloop en in een van ons klasse waar te neem/die materiaal in kinderbediening by u plaaslike gemeente/skole te aan te bied.

# INSKRYWING

## HOOP VIR KINDERS SA PETRUSBURG FASILITEERDER WERKSWINKEL

## Donderdag 05 tot Sondag, 08 DESEMBER 2019

Donderdag 18:00-21:00, Vrydag 09:00–16:00, Saterdag 09.00-16.00, Sondag 11.00-16.00, Ma: 09:00-16:00

**Plek: NG KERKSAAL, PETRUSBURG**

**Laaste datum vir inskrywings**
**15 NOVEMBER 2019**

Naam en van: .....

Woonadres:..... Selfoonnommer : ……

Posadres : ……

Eposadres : ……

Opsioneel : Ek is lid van die volgende kerk of geloofsgemeenskap : ……

Onderneming : Ek woon graag die **HOOP VIR KINDERS FASILITEERDER WERKSWINKEL** by in **PETRUSBURG** en wil graag na suksesvolle voltooiing van die toerusting oorweeg word om te help met die aanbieding in ‘n toegewyste klas in ons plaaslilke skool/kerk. Ek onderneem om onder leiding en in samewerking met die skool/kerk se bestuur en **HOOP VIR KINDERS SA** se bedieningsaanwysings te werk.

Handtekening (kursusganger):..... Datum: .....

Skakelpersoon vir INSKRYWINGS in Petrusburg: Lulu Hugo (083 309 7277) E-pos: lulu.hugo@yahoo.com

**KURSUSFOOI: R400**

BANKBESONDERHEDE: NG KERK PETRUSBURG, ABSA, Rek no 2610580001, Takkode: 632005

**(VERBLYF SAL GRATIS VERSKAF WORD AAN KURSUSGANGERS WAT VAN ELDERS KOM OM DIE KURSUS BY TE WOON)**